

# My taal praat nou 'n ander taal, sing 'n ander deuntjie

My hart is nie gemaak vir annermansland nie, maar hier is ek nou in België. Ek kan nie anders nie: I've come to praise my mother tongue, not to bury her, skryf ANASTASIA DE VRIES.

- 25 OKTOBER 2019
- [MENINGS & DEBAT](#)
- 5 MIN OM TE LEES



123RF/NEYTO2008

TWEE dae in 'n vreemde land, en my siel soek die koesting van 'n snoekparcel en koesiestes en daltjies en samoesas en brijanie en vaalkos met 'n langsous waarin jy net-net 'n ou vleisie kan raak eet. Oe ê-ê, my hart is nie gemaak vir annermansland nie. Maar toe my taal daar dour 'n ander deuntjie begin sing, die verraaiër, toe ruk sy

dai djôl. En dié niggie? Nee, ek hou my lyf skone muurblom, vat net soetjies-aan my pen en beginne skryf:

“Wat is dié tog nou vir jou ’n feestelikheid van jewelste, dié tweedaagse konferensie oor Afrikaans in Afrikaans en dit nogals in ’n land ver van my. Ek kry soe lekker, ek slat soema bollemakiesie, alliepad hier van die Universiteit Gent se Het Pand af tot voor die Hotel Ibis oorkant die Sint Baafs-katedraal.” Toe nou nie.

Maar in België loop my kop ’n duisend paaie, oor eeue heen, raap woorde uit ander mense se mond, agterstevoor en deurmekruis, omdat my eie nie my blygeit kan uitsê oor hoe begeerlik my taal in en deur die oë van ander lyk nie. Hier staan ek, skryf ek. Ek kan nie anders nie: I’ve come to praise my mother tongue, not to bury her.

Want kyk, basuin van die taalbydraes dit uit, kyk al die akkeltjies wat jou taal kan uithaal, kyk hoe sy kan toor, vorm verwissel, kyk hoe lekker spekvat uitgeswel is sy van al die variasie. Vat die reël oor die woordvolgorde in ’n Afrikaanse hoofsin waarin ’n hulpwerkwoord soos byvoorbeeld “gaan”, “kom” of “laat” optree, sê Liesbeth Augustinus en Peter Dirix, navorsers aan die Katholieke Universiteit Leuven. Julle kan sê: “Ek kom hier werk soek” en ook “Ek kom soek hier werk” of “Sy gaan haal ’n halwe brood” en “Hulle gaan die mechanic haal”.

Hulle lyk soos mense wat ’n wonderwerk aanskou. Gaan haal die sjampanje, sê hulle. Hul opgewondenheid oor Afrikaans my taal bruis oor, spat soos borrels lig en kleur oor my beheptheid met moets en moenies of ’n rooipen wat outomaties speur na foute en gruwel des gruwels, swak formuleringe. Ek sien ’n nuwe hemel kom in Timothy Colleman van die Universiteit Gent se voorlegging oor die hoekoms en die waaroms van variasie en verandering in die strukturering van argumente in Afrikaans. Skielik maak van onse studente se skryfwerk net meer sin. Halleluja, iemand sal haar benadering tot taal of die kweek van ’n dieper taalbewussyn moet verander...

En lank en diep loop nadink oor hoe haar studente se omgangsvariasies van die Afrikaanse taal hul akademiese skryfvaardigheid beïnvloed. Hoorie kykie, ek het al alles gehoor. En was vir ’n wyle nogal opgewonde oor die pleidooie dat Kaaps die klaskamer ingebring moes word. Maar toe wag ek, vergeefs wil ek byvoeg, dat iemand duidelikheid moes bring oor presies *hoe* Kaaps, en as dit ons erns is, die verskillende gebruiksvorme van Afrikaans waarde kan toevoeg tot die taalervaring in ons skole. Toe sit ek daar in Gent en my eie kollega, Donovan Lawrence, verduidelik hoe en hoekom studente se spreektaal op konstruktiewe wyse in ’n akademiese konteks gebruik kan en/of moet word. Maar ek praat nie uit die huis uit nie. Hef solank ’n Hosanna aan, taalfamilie.

En staan bietjie nader aan die gelerenteit van dai Afrikaans met die naam van Kaaps, jubel Theresa Biberauer van die Universiteit Cambridge. Toe, toe, toe, kom hoor gerus wat sê dié “spectacular vernacular” vir die taalwetenskaplikes, nooi sy: Daar is meer as Engels aan Kaaps than meets the eye. Losgattige grammatika? Dink maar weer, pêllie, dink maar weer. Vat jou kop Wes-Germaanse tale se kante toe, sê sy. Hoe sê? Wes-Germaans? Hebdjourait!

En soe whalla soes my taal al hoe meer nuwe laities baar in Namibië, vertel Gerald Stell van die Poli-tegniese Universiteit Hongkong. Mens, die man praat van “etnies

neutrale" variëteite van Afrikaans wat veral in die kusgebiede aan die ontwikkel is. En toe kry ons 'n voorsmakie van Kasietaal, 'n informele Afrikaans wat in Katutura, die historiese swart woonbuurt van Windhoek, gepraat word. Oe lalla, kan dit da nog lekkerdere word?

## Waar was dai bakleiende horende dowes?

Kykie, ik stond al te popelen oor die dinge van my taal wat ander so opgewonde maak, maar toe dai jongetjie darem daar opstaan en begin praat oor meertaligheid in die Suid-Afrikaanse hoëronderwys, toe klop my hart honnert. Waar was die Panyaza Lesufi's en Blade Nzimande's en al dai bakleiende horende dowes toe Alexander de Soete van die Universiteit Gent 'n "pedagogiese intervensie" vir die meertalige tersiêre ruimte demonstreer wat hy aan die Universiteit van Wes-Kaapland begin het?

Ek skaam my. Wat het geword van die gloeiende planne vir 'n toevoegende benadering, of wat ons dit ook al in die roes van ons demokrasie genoem het, tot die veeltalige klaskamer waar die huistale van leerlinge naas 'n skool se voertaal gebruik sou word? En hier kom hierdie jonge kind en werk aan 'n oplossing om studente se huistale, hoofsaaklik Afrikaans en Xhosa, in die lespraktyk te integreer in die hoop op gelyker leerkanse vir almal. Nee, die punt is nie of sy program sal slaag nie. Die belangrike is dat hy iets dóén, eerder as ronddool in 'n onverkwiklike dampkring van woedende woord, woedende wederwoord.

Gent lê al 'n dag of wat agter my, maar even nog nagenieten. Van die wete dat my taal 'n ander "taal" (kan) praat, een waarin en waardeur sy die steun en stut in dié veeltalige, multi-kulturele land van ons kan word. Moet word. Hier staan ons. Ons kan nie anders nie.



**VRYE**  
WEEKBLAD

Lekker artikel, nè?  
Teken in en lees alles.

Net **R10** vir jou eerste  
maand. Dis nie eers  
'n hele koppie koffie nie.

---

**NEEM DEEL AAN DIE GESPREK: Gaan na heel onder aan die bladsy om op hierdie artikel kommentaar te lewer, of kliek regs bo as jy op die app is. Ons hoor graag van jou!**

---